

26. Die tweede en derde sendingreis van Paulus

Handelinge 15: 36 tot Handelinge 21: 17

Die Here bepaal die weg

Die evangelie moet tot aan die uithoeke van die wêreld verkondig word. Hierdie hoofstuk fokus op die volgende:

- God moet geloof en geprys word onder alle omstandighede.
- God se woord het krag in alle omstandighede.
- Dit is nie altyd gemaklik vir 'n gelowige om sy roeping uit te leef nie.

Langs die ou roete

Paulus wil die gemeente in Klein-Asië weer besoek. Barnabas wil die voorstel aanvaar, maar stel voorwaardes: Johannes Markus moet saamgaan. Paulus weier. Hy het nog nie vergeet dat Markus hom op die vorige reis verlaat het nie. Daarop skei Paulus en Barnabas. Barnabas en Markus gaan na Ciprus.

Paulus en Silas vertrek deur Sirië en Cilicië. Hulle gaan oor land. Voor hulle lê die Taurusgebergte. Die enigste weg is deur die Ciliciëse poort. Deur hierdie poort het beroemde generaals van die ou tyd, soos Cyrus en Alexander die Grote, op hulle veroweringstogte getrek. Nou gaan hierdie twee gesante van Jesus Christus deur dieselfde poort. Hulle gaan die wêreld verower met die woord van God.

Hulle besoek Listre en Derbe. Ou vriende word opgesoek. By Derbe ontmoet hulle die jong Timotheus. As seun van 'n godsdienstige moeder en grootmoeder trek hy Paulus se aandag. Hy vergesel Paulus op sy verdere reis. Die briewe I en 2 Timotheus wat in die Bybel opgeteken is, het Paulus jare later aan hom geskryf. Meer stede word besoek. Hulle reis deur Frigië en Galasië. Die Gees dryf hulle in die rigting van Troas.

In Troas

Hier in Troas ontmoet hulle die geneesheer, Lukas. Vermoedelik het hy Paulus geneeskundig behandel. Hy vergesel hulle op hul reis. Troas lê naby

die puinhope van die ou Troje. Hier het in die verlede groot gebeurtenisse plaasgevind, soos die oorlog tussen die Trojane en die Grieke, en ook het Xerxes hiervandaan oor die Hellespont op sy oorlogspad teen die Grieke getrek. Met Paulus se koms vind 'n belangrike gebeurtenis plaas. Hy bring die Lig uit die Ooste. Daarmee gaan hy Europa verower.

In die nag sien Paulus 'n gesig van 'n Macedoniese man met 'n uitgestrekte hand, wat hom smeek en sê: "Kom na Macedonië en help ons." Macedonië van Alexander die Grote is onder Romeinse oorheersing. Die stad is uitgeput en geestelik verarm. Geen Atheense wysgeer of Romeinse veldheer kan verlossing bring nie.

Paulus twyfel nie. Hy en sy metgeselle vertrek vanaf Troas na die vasteland van Europa.

Paulus na die vasteland van Europa

Na 'n reis van vyf dae stap Paulus aan wal by die stadjie Neapolis. Dit is 'n klein stadjie, daarom vertrek Paulus en sy metgeselle na Filippi, 16 kilometer verder. Hierdie stad is vernoem na Filippus, die vader van Alexander die Grote. Filippi is later deur die Romeine verower en het 'n sterk militêre vesting geword. Die vier gesante van Christus stap by die triomfboog van Caesar Octavianus (Augustus) verby. Hier woon min Jode en daarom is daar geen sinagoge nie. Die inwoners steur hulle nie aan die manne nie, daarom bring hulle 'n paar dae in die stad deur.

Op die sabbatdag gaan Paulus en sy metgeselle buite die stad waar die gewone bidplek is. Daar is 'n aantal vroue wat saamgekom het om te bid. Paulus sluit by hulle aan. Hy praat met hulle van vrede en sieleheil. Hulle luister. Lidia, 'n purperverkoopster, luister en glo. Die Here open haar hart.

Sy was 'n ryk vrou. Sy kom van Thiatire in Klein-Asië - 'n stad wat bekendheid verwerf het vir sy kleurstof van die purperslak.

Ook haar huisgesin glo en word gedoop. Sy dring by Paulus en sy metgeselle aan om by haar tuis te gaan. Hier in haar huis kom die eerste Christelike gemeente van Europa tot stand.

Tussen Paulus en die gemeente van Filippi ontstaan met verloop van tyd 'n sterk band. Later getuig hy aan die Korinthiërs dat die broeders van Macedonië hom met hul aardse besittings gehelp het toe hy gebrek gely het.

Die slavin met die waarsêende gees

Die magte van die duisternis was woedend. 'n Bres is nou geslaan in die Europese vesting van Satan; daarom moet die gesante van Christus nie met rus gelaat word nie. Teenoor Lidia wat tot geloof gekom het, staan 'n heidense slavin. Sy is 'n dienaars van die Griekse Orakel Delphi. Sy doen voorspellings. Die ganse stad ken haar. Hulle besoek haar gereeld teen betaling, troos, raad en oplossings vir hul probleme te vind. Haar base verdien goed geld uit haar werk.

Sy volg Paulus-hulle na die bidplek. Sy roep die hele tyd uit: "Hierdie manne is dienaars van God, die Allerhoogste wat aan julle die weg van verlossing verkondig".

Almal is in daardie tyd op soek na redding en nou toon die slavin die weg na die redding aan. Tot sover is sy reg. Maar sy beweer eintlik dat sy en Paulus mede-arbeiders is. Sy as dienaars van Apollo en Paulus, is dienaar van God. Hulle dien dieselfde godheid net onder 'n ander naam. Satan wil so Paulus se werk verydel.

Die botsing word onvermydelik. Paulus draai hom om na die slavin en beveel kort en kragtig: "Ek beveel jou in die Naam van Jesus Christus: gaan uit haar uit." Die onreine gees het onmiddellik uit haar liggaam uitgegaan. Maar haar base verloor die wins wat hulle uit haar gemaak het. Hulle is woedend en laat Paulus en Silas na die mark sleep. Die Romeinse regters moet hierdie manne verhoor. Die beskuldiging is: "Hierdie mense stook onrus in die stad" en "verkondig sedes wat nie geoorloof is nie". Die regters wat vir die goeie orde verantwoordelik is duld nie sulke optrede nie.

Paulus en Silas in die gevangenis

Die gevolg is dat Paulus en Silas gegêsel moet word. Nadat hulle baie slaes gekry het, word hulle in die gevangenis gewerp. Die tronkbewaarders kry opdrag om hulle sorgvuldig te bewaak. Hulle voete word in die blok vasgesluit. Maar hulle oornag in die skaduwee van die Almagtige. Hulle bid tot God. Hul lofsange vul die ondaardse kerker en die ander gevangenes luister verwonderd na hulle.

Dan skielik is daar 'n aardbewing. Die tronk se mure skud, die deure gaan oop en die boeie raak los. Die tronkbewaarder skrik wakker. Die gevangenisdeur staan oop. Hy dink dat al die gevangenes onsnap het. Hy trek sy swaard en wil homself om die lewe bring. Uit die verwarring kom die

stem van Paulus: “Moenie jouself kwaad aandoen nie, want ons is almal hier.” Hy vra dat iemand ’n lig moet aansteek en val dan voor Paulus en Silas neer. Hy bring hulle na buite en vra: “Wat moet ek doen om gered te word?” So het Paulus ook eenmaal op pad na Damaskus gevra¹⁸⁶. Hy ken die antwoord: “Glo in die Here Jesus en jy sal gered word, jy en jou huis.”

Paulus bring die woord van die ewige lewe na die bewaarder en sy huis. Paulus en Silas se wonde word gewas en verpleeg. Daarna word die bewaarder en sy huisgesin gedoop. Hy laat hulle aan sy tafel eet, terwyl blydskap sy hart vervul omdat hy met sy hele huis gelowig geword het.

Die regters kry berou oor hulle onregverdige uitspraak. Die bewaarder ontvang die opdrag om Paulus en Silas los te laat. Hy bring hulle die boodskap met groot dankbaarheid.

Paulus dink egter anders: “Ons is Romeinse burgers en hulle het ons in die openbaar onveroordeeld gegêsel en in die tronk gegooi. Wil hulle ons in die geheim uitwerp? Volstrek nie! Laat hulle ons self uitlei”. Die regters word bang. Hulle kom en smee Paulus om die stad te verlaat.

Thessalonika en Berea

Paulus en Silas verlaat Filippi nadat hulle by Lidia aangegaan het om die gemeente wat agterbly te bemoedig. ’n Lang reis van 106 kilometer na Thessalonika lê voor.

Thessalonika is ’n groot hawestad. Romeinse legioene, handelaars en filosowe uit Athene gaan in en uit by die stad se poort. Die twee gesante van Christus gaan ook by die poort in. Hulle gaan tuis by Jason. Hy het moontlik dieselfde ambag as Paulus beoefen, sodat Paulus sy handarbeid hier kon verrig. Drie sabbatte agtermekaar preek Paulus in die sinagoge vir die Jode. Sommige Jode asook Grieke en van die aansienlikste vroue glo die prediking. Die ongelowige Jode word afgunstig. Hulle roep die hulp in van leeglopers om die stad in opskudding te bring.

Hulle storm op Jason se huis af en toe Paulus en Silas nie daar is nie, sleep hulle Jason en ’n paar broeders voor die stadsowerheid. Hulle beweer dat die mense wat die wêreld in opstand bring, in die stad is, dat Jason hulle huiswes en dat hulle beweer dat daar ’n ander koning as die keiser is, naamlik Jesus.

186 Hand. 9: 6 En terwyl hy bewee en verbaas was, sê hy: Here, wat wil U hê moet ek doen?

Jason verseker die stadsowerheid dat hulle geen onordelikheid sal veroorsaak nie. Paulus en Silas word in die nag weggestuur.

Paulus reis verder na Berea, 80 kilometer van Thessalonika af. In die sinagoge preek hulle vir die Jode. Hulle luister graag, want hulle het die skrifte beter ondersoek as die mense van Thessalonika. Baie word gelowig.

Toe die mense van Thessalonika dit te hore kom, gaan hulle na Berea om die skare teen Paulus op te sweep. Paulus word weggestuur, terwyl Silas en Timotheus agterbly.

Paulus verkondig die evangelie in Athene

Paulus reis van Berea na die kus en van daar oor die see na Athene. Athene was 'n indrukwekkende stad, vol tempels en beelde wat aan afgode gewy word. Die stad het kultuur, maar sonder God. Dit maak Paulus opstandig. Eers preek hy vir die Jode en godsdienstige mense in die sinagoge. Daarna gaan hy na die markplein - die bymekaarkomplek van al die mense. Hy tree op soos Sokrates en redeneer met almal. Party soos die Stoïsyne en die Epikuriste stry met hom.

Die Stoïsyne redeneer doodkalm en gematig, terwyl die Epikuriste, die plesierjagters, die bestaan van God ontken. Hulle spot: "Wat sou hierdie praatjiesmaker tog wil sê? Hy weet nie wat hy wil sê nie." Ander sê weer: "Dit lyk of hy 'n verkondiger is van vreemde gode," want hy verkondig die evangelie van Jesus en die opstanding.

Die boodskap is egter nuut en hulle wil meer daarvan hoor. Hulle verlang na iets nuut, want Lukas sê: "Al die Atheners en die uitlanders wat by hulle woon, het vir niks anders tyd gehad as om iets nuuts te sê en te hoor nie."

Hulle bring hom op die Areopagus, naby die sierlike Parthenontempel. Sy toehoorders is filosowe en betersweters. Hulle eis van hom verdere verduideliking van sy leer. Paulus het 'n moeilike taak. Hy kry 'n aanknopingspunt deur te verwys na die altaar aan die onbekende God in die stad.

Hulle vra iets nuuts, daarom sal hy aan hulle die God verkondig wat hulle vereer sonder om Hom te ken. Hulle luister aandagtig, maar toe hy van die opstanding uit die dood begin praat, het hulle beleef, dog spottend gesê: "Ons sal u weer hieromtrent hoor."

Aan die Korinthiërs skryf Paulus dat die evangelie vir die Grieke 'n dwaasheid is¹⁸⁷. Teleurgestel daal hy die trappies af. Die oes is skraal. Enkeles word tog gelowig: Dionisius en 'n vrou Damaris. Daarna vertrek Paulus uit Athene.

Paulus in Korinthe

Korinthe is 'n groot handelstad. In Paulus se tyd het die stad om en by een miljoen inwoners, met allerlei nasionaliteite. Dit is 'n stad waar baie handel gedryf word, maar die stad is ook vol afgode, sedeloosheid en brassery. Paulus kom alleen hier aan. Innerlik voel hy swak en bang. Ook het die mense nie tyd vir hom nie. Waarskynlik het hy ook gebrek gely. Hy kom by Aquilla en Priscilla wat deur die Romeinse keiser uit Rome verban was. Hulle is ook tentmakers van beroep en daarom bly Paulus by hulle.

Nou begin hy met oortuiging optree. Elke sabbat redeneer hy in die sinagoge met Jode en Grieke. Hy probeer hulle oortuig. Die koms van Silas en Timotheus bemoedig hom. Hier dikteer hy ook sy eerste Sendbrief aan die Thessalonicense.

Toe Paulus teenstand van die Jode ondervind, skei hy hom van hulle af en verklaar dat hy na die heidene sal gaan. Hy gaan na die huis van die Romein Titus Justus, 'n godsdienstige man. Hier glo baie in die Here, onder andere Crispus, die hoof van die sinagoge.

Die Here bemoedig Paulus deur 'n droom. Hy verseker Paulus dat Hy met hom is en dat niemand hom kwaad sal aandoen nie. Daar is werk vir Paulus, daarom bly hy 18 maande in Korinthe. Dan ontstaan groot beroering onder die Jode. Paulus word voor die regterstoel van die goewerneur Gallio, gebring. Hy word daarvan beskuldig dat hy die mense oorhaal om God in stryd met die wet van Moses te vereer.

Voordat Paulus hom self kan verdedig, verklaar Gallio dat Paulus geen oproermaker is nie en dat hy weier om uitspraak te lewer. Die Grieke wat teenwoordig is, gryp Sosthenes, die nuwe hoof van die sinagoge en slaan hom voor die regterstoel van Gallio, maar hy het hom ook nie daaraan gesteur nie.

187 1 Kor. 1: 23 maar ons verkondig Christus wat gekruisig is, 'n struikelblok vir die Jode en dwaasheid vir die Grieke;

Paulus reis terug na Antiochië

Eindelik, na 18 maande, neem Paulus van sy vriende afskeid. Priscilla en Aquila vergesel hom. Hulle gaan by Efese aan vir 'n kort besoek. Terwyl hy vir 'n skip wag, preek Paulus in die sinagoge. Die Jode vra hom om langer daar te bly. Hy wys dit van die hand aangesien hy gedurende die komende Paasfees in Jerusalem wil wees. Aquilla en Priscilla bly agter. Van Efese vaar hy na Cesarea en vandaar na Jerusalem waar hy die gemeente gaan groet. Hy bly nie lank nie, maar reis verder na Antiochië.

Die derde sendingreis van Paulus

Paulus vertrek op sy derde sendingreis vanuit Antiochië. Hy reis deur Galasië en Frigië met die doel om die dissipels te besoek en te versterk. Daarna kom hy in Efese.

Efese is 'n groot hawestad met 200 000 inwoners. Daar was die wonderskone Artemesium, die tempel van die godin Diana, een van die sewe "wonders" van die wêreld.

Paulus kom hier in aanraking met twaalf dissipels. Hy lê hulle die hande op sodat hulle die Heilige Gees mag ontvang. Drie maande lank preek hy in die sinagoge. Sommige Jode wat nie na hom wou luister nie het kwaad gespreek van "die Weg" en Paulus het van hulle weggegaan en in die skool van Tirannus begin preek.

Twee jaar lank het hy dit hier volgehou, sodat al die inwoners die woord van die Here Jesus gehoor het. Rondtrekkende duivelbesweerders, seuns van Skeva, probeer om in die Naam van Jesus, wat Paulus verkondig, bese te uit te dryf. 'n Bese gees spring op hulle en oorweldig hulle sodat hulle moet vlug. Die gebeure word onder die Jode en Grieke bekend en hulle word met vrees vervul.

Na hierdie gebeure kom doen hulle belydenis en vertel dat hulle die Naam van Jesus tot hul eie voordeel wou gebruik.

Die boeke waarin die towerformules opgeteken staan om sogenaamd duiwels uit te dryf, word nou van orals aangedra en verbrand. Hulle bring dit bymekaar en dit word voor almal verbrand. Die waarde van hierdie toorformuleboeke is bereken op vyftigduisend silwerstukke. 'n Groot bedrag geld in daardie tyd. So het die woord van die Here met krag gegroei en sterk geword.

Oproer in Efese

Paulus wil daarna deur Macedonië en Achaje na Jerusalem reis. Hy stuur Timotheus en Arastus vooruit, maar voor hy kan vertrek, kom die inwoners van Efese in opstand. Dit is die maand van die groot feeste tot eer van die godin Diana. Efese is vol mense wat byeenkom om Diana te vereer. Haar beeld, so is beweer, het uit die hemel geval en word nou in die tempel bewaar.

Demetrius, 'n silwersmid, maak silwertempeltjies van die tempel van Diana en verkoop dit aan die Efesiërs. Dit moet dien as 'n beskermmiddel vir die mense. Hy roep sy mede- vakmanne en arbeiders bymekaar en wys hulle daarop dat hulle sukses afhang van die tempeltjies wat hulle maak en verkoop. Paulus bedreig hul welvaart deur mense afvallig te maak as hy sê dat die tempel as niks gereken sal word nie en dat die godin tot niet sal gaan word woedend en skreeu: "Groot is die Diana van die Efesiërs." Die inwoners van die stad raak in verwarring en storm na die skouburg. Hulle sleep Gajus en Aristargus, twee reisgenote van Paulus, saam. Paulus wil hulle help, maar die publieke amptenare en sy vriende smee hom om dit nie te doen nie. Die geskreeu hou aan al weet die meeste mense nie waaroor hulle bymekaar gekom het nie. Alexander, 'n Jood, probeer stilte verkry, maar twee uur lank skreeu hulle: "Groot is Diana van die Efesiërs." Die Romeinse stadsklerk bring die skare tot bedaring. As Demetrius 'n saak teen iemand het, moet hy hom voor die hof bring. Hy waarsku dat hulle aangekla kan word vir oproer. Die vergadering ontbind. Na die gebeure besluit Paulus om die stad te verlaat.

Paulus besoek Macedonië en Griekeland

Paulus vertrek van Efese en reis deur Macedonië en Griekeland. Hier in Macedonië bring Titus goeie berigte van die gemeente van Korinthe. Paulus samel ook kollekte in vir die armes van Jerusalem. Hy bly drie maande in Korinthe en daarna maak hy hom gereed om na Sirië en Jerusalem te vertrek. Hy wil die Pinksterfees in Jerusalem bywoon. Die Jode smee 'n komplot teen hom en hy verander sy reisplan. Hy sal weer oor Macedonië reis. Sy vriende, Lukas, Trofimius en ander het in Troas vir hom gewag.

Van Macedonië reis hy weer oor Troas waar hy preek en die nagmaal bedien. Paulus praat baie lank - tot middernag. Eutichus, 'n jong man wat na hom luister, raak aan die slaap en val uit die venster van die derde verdieping en is dood opgetel. Paulus strek hom oor die jongeling uit en sê aan die skare

dat hy leef. Hulle neem die seun huistoe en was vertroos deur Paulus se preek wat tot die volgende oggend geduur het.

Paulus keer terug na Jerusalem

Van Troas gaan Paulus te voet na Assus; sy vriende gaan per skip. Hulle ontmoet hom daar. Hy vra die ouderlinge van Efese om hom in Milete te ontmoet. Paulus neem afskeid en sê aan die ouderlinge dat hy in Jerusalem in hegtenis geneem sal word en hulle dus nie weer sal sien nie. Hy kniel en bid saam met hulle en dan neem hulle hartseer afskeid van hom. Van daar vaar hulle by Ciprus verby gaan by Tirus aan waar ook gelowiges is. Hiervandaan vertrek hy na Cesarea waar hy by Filippus, die diaken, tuisgaan. Van Cesarea gaan hy na Jerusalem.

Aanbevole leesstukke:

DE GRAAF, S.G. 1935. Verbondsgeschiedenis: Schetsen voor de vertelling van de Bijbelse Geschiedenis. Het Nieuwe Testament deel II. Kampen: J.H.Kok. 414 - 433 p.

GROENEWALD, E.P. 1968. Handboek Bybelse geskiedenis: Die Nuwe Testament. Pretoria: DBU. 432 - 443 p.

INGWERSEN, G. 2008. Die Bybel oorvertel vir oud en jonk. Pretoria: DBU. 716 - 727 p.

TEN HAVE, P. 1935. Bij de Bron: Nieuwe Testament deel II. Neerbosch. Neerbosch Drukkerij. 643 - 656 p.

VAN DER WAAL, C. 1998. Sola Scriptura. Gids vir Bybelstudie. Deel 4: Mattheus - Openbaring. Pretoria: Sola Scriptura Instituut. 99 - 102 p.